# Fokus

*Fokus* is 'n rubriek waarin artikels van 'n meer populêr-wetenskaplike aard gepubliseer word. Artikels wat vir hierdie rubriek aan die redaksie voorgelê word, moet voldoen aan dieselfde tegniese vereistes as navorsingsartikels (kyk asseblief die *Voorskrifte vir skrywers*). Bydraes vir *Fokus* word aan 'n interne keuringsproses onderwerp en kwalifiseer nie vir subsidie nie.

## Inhoudsopgawe

*Marius Nel*

Homoseksualiteit en die Ou Testament: 'n studie van tekste/
*Homosexuality and the Old Testament: A study of texts* 365

FOKUS

# Homoseksualiteit en die Ou Testament: ’n studie van tekste

Marius Nel
Navorsingsgenoot: Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: mariusnel1@mweb.co.za

**Abstract**

**Homosexuality and the Old Testament: A study of texts**

*In this article texts from the Old Testament usually quoted in the context of homosexuality are discussed. As an introduction to the subject some remarks are made on the grounding of marriage in the creation narratives and the ethical-religious themes of holiness and purity. Next the tales of Sodom and Gomorrah (Gen. 18-19) and Gibeah (Judg. 19), the prohibitions in Leviticus 18:22 and 20:13-23 as well as references to temple prostitution are investigated. The conclusion is that homo-sexuality is described in the Old Testament as an act leading to unholiness and impurity that disqualifies the participant from the presence of the Lord and causes blood-guilt. In conclusion the question is asked whether Old Testament ethical-ritual pronouncements are still valid for modern Christian believers.*

**Opsomming**

**Homoseksualiteit en die Ou Testament: ’n studie van tekste**

*In hierdie artikel word Ou Testamentiese tekste ondersoek wat gewoonlik aangehaal word wanneer die onderwerp van homoseksualiteit ter sprake kom. As inleiding tot die onderwerp word enkele opmerkings oor die begronding van die huwelik in die skeppingsverhale, asook die eties-religieuse temas van reinheid en heiligheid gedoen. Die verhale van Sodom en*

*Gomorra (Gen. 18-19) en Gibea (Rigt. 19), die verbiedinge in Levitikus 18:22 en 20:13-23 asook tempelprostitusie-verwysings word vervolgings bespreek. Die slotsom is dat die Ou Testament homoseksualiteit beskryf as 'n daad wat 'n mens onrein en onheilig maak en dus diskwalifiseer om in die teenwoordigheid van die Here te kom en wat tot bloedskuld lei. Ten slotte word gevra na die geldigheid van Ou-Testamentiese eties-rituele uitsprake vir moderne Christengelowiges.*

## 1. Inleiding

'n Mens se opinie oor homoseksualiteit word gevorm deur jou lewensbeskouing. Jou lewensbeskouing omvat dit wat jy dink werklik is, wat die aard van waarheid is, hoe jy bepaal wat daardie waarheid is en hoe jy goed in etiese sin definieer. Binne elke gemeenskap geld 'n verskeidenheid normatiewe sisteme as instrumente van maatskaplike beheer. Jou opvatting van "reg" en "verkeerd" (of "goed" en "kwaad") word deur die gemeenskap, maar ook deur godsdienstige faktore beïnvloed. Die Ou-Testamentiese gelowiges se reg, moraal en godsdiens was ook onlosmaaklik aan mekaar verbind.

*Beeld* berig op 25 November 2004 dat die eienares van 'n koffiewinkel in Brakpan aanvanklik aan mnr. Marius Lourens toestemming verleen het om sy veertigste verjaardagpartytjie daar te hou. Nadat sy egter uitgevind het dat haar kliënt *gay* is en dat sy *gay*-vriende saam kom partytjie hou, het sy hom die deur gewys. Haar motivering, volgens die berig was die volgende: "sy kan nie toelaat dat dinge in haar koffiewinkel gedoen word, wat verkeerd is in die oë van die Here nie". Die bekende taal van die Ou Testament slaan hier deur. Wat sê die Hebreeuse Bybel eintlik oor homoseksualiteit?

## 2. Die Ou Testament en seksualiteit

Voor die spesifieke tekste ondersoek word, is dit nodig om te let op temas wat Israel se denke oor teologie – en spesifiek etiek – bepaal het: die begronding van die huwelik in die skeppingsverhale, reinheid en heiligheid.

### 2.1 Die huwelik

Die narratiewe en wetlike dele van die Ou Testament toon 'n diepe besorgdheid oor seksualiteit en die korrekte manifestasies daarvan. In die Ou Testament is die korrekte lokus vir seksualiteit die kerngesin, die ideale menslike verhouding. Die skeppingsnarratief

van Genesis 2 beklemtoon die fundamentele aard van so ’n huwelik, naamlik as God die vrou maak om ’n geskikte maat vir die man te wees. Die boodskap word versterk deur ’n onderbreking in die narratief, deur ’n deel wat aan die leser gerig is: “daarom sal ’n man sy pa en sy ma verlaat en sy vrou aanhang, en hulle sal een mens word” (Gen. 2:24).

Die Bybel beskou ’n sterk huwelikseenheid as essensieel vir die samelewing se welwese, met seks wat die huweliksband bind.

Die skeppingsnarratief beklemtoon dat God man en vrou na sy beeld maak. Man en vrou verskil van mekaar en slegs die eenheid van man en vrou kan die prentjie voltooi. Die wesenlike verskille tussen man en vrou reflekteer God se wese. Slegs ’n vrou saam met ’n man kan die goddelike ontwerp vir die mens voltooi, nie ’n ander man nie. Die skrywer beklemtoon nie dat God man en vrou maak ter wille van reproduksie nie, maar wel om die beeld van God in die wêreld uit te dra.

Die skepping van die mens as man en vrou en die heteroseksuele vereniging wat die huwelik vorm, lê die Skrif se siening van seksualiteit en die huwelik ten grondslag. Homoseksualiteit ontken dit en rebelleer teen God se plan dat die mens beelddraer van God sal wees en dat heteroseksuele huwelike in die skepping ingebou is.

Israel se intense belang in die regulering van seksuele gedrag het dus te doen met die feit dat so ’n regulering die grondslag en basis van die samelewing, die gesin, wil beskerm. In die regulering word duidelike grense getrek om vermenging te keer tussen individue en groepe wat apart gehou moet word vir dieselfde doel – om die samelewing te beskerm.

Gemeenskap tussen goddelike wesens en menslike vroue bevat die moontlikheid dat die onderskeiding tussen die goddelike en die menslike kan vervaag en die mensdom dus as ’n onderskeie spesie kan uitsterf (Gen. 6:1-4).

Bestialiteit bevat dieselfde potensiaal en is streng vir mans en vroue verbode. Soos seks met ’n skoondogter, word seks met ’n dier getipeer as *tebel* – onbehoorlike of onbetaamlike vermenging.

Homoseksuele gemeenskap word nie as *tebel* getipeer nie, maar die verbod daarop deur die doodstraf voor te skryf, kan die beste verduidelik word uit die behoefte om die kategorieë van mans en vroue ongeskonde te hou. Dieselfde rede lê ook agter die verbod dat mans vroueklere, en vroue mansklere dra (Deut. 22:5).

In die Bybelse siening van die skepping is organisasie en struktuur bepalend. Om die kategorieë van bestaan te bedreig, is om terug te keer na die chaos wat die skepping voorafgegaan het.

Interessant genoeg word lesbiese interaksie nie vermeld nie, moontlik omdat dit volgens die antieke denke nie tot ware fisiese eenheid lei nie, aangesien manlike penetrasie nie hier geld nie.

## 2.2 Seksualiteit en reinheid

Die kwessie van reinheid speel ’n belangrike rol in Israel se denke. Die belangstelling wat die Ou Testament in die onderwerp van reinheid en onreinheid toon, word hoofsaaklik in die priesterlike geskrif toegespits, waarvan die heiligheidskode in Levitikus 17-26 ’n belangrike deel vorm.

Soos in die geval van moord, besoedel afwykende seksualiteit die land en bedreig dit die voortbestaan van Israel. Moord lei tot bloed wat vergiet is en aanhou roep tot God. Dieselfde geld vir seksuele sonde. Bloed het ’n lewe van sy eie en in Bybelse denke bevat bloed die lewenskrag. Die Bybelse skrywers gebruik dus nie ’n spesifieke woord om na “bloedskuld” te verwys nie. Dit is nie nodig nie, omdat *dām*, bloed, geskik is om albei te beskryf, naamlik die substansie sowel as die gevolge van onbehoorlike vergieting daarvan. Dieselfde term word gebruik om te verwys na die skuld wat volg op seksuele omgang met jou pa se vrou of jou skoondogter, manlike homoseksualiteit en bestialiteit (Lev. 20:11-16). Bloed wat vergiet is, besoedel die aarde wat slegs deur vergieting van die bloed van die skuldige versoen kan word (Num. 35:33-34). Selfs wanneer ’n skaap, bees of bok geslag word, moet dit op ’n voorgeskrewe wyse gebeur, sodat alle bloed uitloop.

Israel se kultus verskil van dié van hulle bure deurdat enige verwysing na seksualiteit uit die kultiese lewe en godsdienstige ervaring geweer is. So byvoorbeeld moes mense ’n dag lank wag ná seksuele gemeenskap of ’n saadstorting voordat hulle in die tempel mag kom. Israel se God toon geen seksualiteit nie. Alhoewel Hy sy verhouding met sy volk soms as ’n huwelik beskryf, is Hy nie die model vir die huwelik en gee Hy ook nie seksuele krag nie. Israel se godsdiens was op reinheid gebaseer. Dit het aan hulle die reg gegee om in JHWH se teenwoordigheid te kom. Onreinheid lei daartoe dat die mens nie afgesonder is (heilig is) om met God kontak te maak nie.

## 2.3 Seksualiteit en heiligheid

Nog ’n belangrike tema in Israel se denke is heiligheid. God het Homself aan Israel as heilig openbaar. Daarmee het hulle gesê dat Hy die suiwerste en hoogste standaard van moraliteit en geregtigheid verteenwoordig. Die Hebreeuse *qādos* en sy afleidings kom meer as 600 keer in die Ou Testament voor. Wanneer dit op mense van toepassing gemaak word, verwys dit hoofsaaklik na ’n morele standaard. Israel moet heilig wees omdat JHWH, hulle God, heilig is (Lev. 19:2). Hierdie oproep vorm die rede agter die sogenaamde heiligheidskode (Lev. 17-26). Die Israeliete sal heilig wees, soos God, wanneer hulle regverdig en reg optree. Die klem in Israel se godsdiens val op dade en nie op woorde nie. Die etiek van die Ou Testament is gerig op hartsverandering. Daarvoor is die verbondswet, die *Tora,* gegee wat eerder as instruksie, onderwysing of rigting vertaal moet word. In die *Tora* openbaar God ’n hele lewenswyse in ooreenstemming met sy wil of karakter. Die onderwysing is bedoel as riglyne oor hoe Israel hul lewe moet inrig, sodat hul rituele, kultiese, sosiale, morele en ekonomiese praktyke in ooreenstemming met God se wil sal wees. Om hierdie rede aanvaar en seën God nie offers, gawes of aanbiddingsdade as dit nie gepaard gaan met bedoelings en gesindhede wat heiligheid weerspieël nie (Gen. 4:5-7; Amos 5:21-24). Wat God vra, is nie ’n uiterlike vertoning van piëteit nie, maar ’n gebroke gees en berouvolle hart (1 Sam. 16:7).

Moderne wetgewing bepaal dat ’n seksuele misdryf ontstaan as iemand seks het met ’n persoon wat nie toestemming daartoe gegee het nie, of wat minderjarig is of wanneer die persoon seergemaak word. In die godsdiens van Israel, wat die Israeliet se hele lewe bepaal het, is die maatstaf om oor die sondigheid van seksuele dade te besluit anders: is dit in ooreenstemming met die heiligheid van God? Seksuele oortreding is dan in die eerste plek ’n oortreding teen God. Die straf moes steniging wees, om God se wraak af te koel en die samelewing van die boosheid en die herinnering daaraan te reinig.

Regspleging onderskei tussen ’n onregmatige daad, as deel van die deliktereg, en ’n misdaad. ’n Onregmagtige daad**,** soos nalatigheid, lê op ’n laer vlak van morele verwytbaarheid en is ’n persoonlike daad van onreg teen ’n slagoffer. Die slagoffer moet self die vergeldingsaksie loods. Die doel van die hof is om die slagoffer te kompenseer vir enige skade wat berokken is. ’n Misdaad, daarenteen, is ’n onreg wat teen die samelewing gepleeg word. Die skade aan ’n slagoffer is insidenteel en daar hoef selfs nie eens ’n

slagoffer te wees nie. Die inisiatief vir vergelding lê by die staat wat optree, ongeag of die slagoffer wil of nie. Die doel van optrede is om die oortreder te straf.

Die Nabye Ooste en die Bybel kyk op 'n ander manier na misdade. Drie kategorieë word hier onderskei:

- Eerstens, dade wat skade veroorsaak waar morele verwytbaarheid laag is, soos byvoorbeeld om nie voorsiening vir vloedwater te maak wat jou buurman se landerye beskadig nie. Die inisiatief is in die hande van die slagoffer en die hof se doel is om kompensasie toe te ken vir skade. Dit val in die moderne dekiltereg.
- Tweedens, dade wat as misdade in moderne regstelsels geld, soos moord, verkragting, aanranding met die doel om ernstig te beseer of diefstal. Sulke misdade gee die reg om wraak te neem. Die verontregte of sy familie is verantwoordelik om die wraak uit te oefen. Die hof se funksie is om grense aan die wraak te stel, wat in sommige gevalle beteken dat 'n losprys bereken word. As die hof fisiese straf oplê vir sekere misdade, is dit eintlik niks anders nie as om wraak te definieer en te begrens. Die hof keer dat mense mekaar nie onregmatig doodmaak in 'n poging om wraak oor 'n onreg te neem nie.
- Derdens, dade wat 'n hoë vlak van morele verwytbaatheid bevat, soos bloedskande of godslastering wat goddelike wraak op die hele gemeenskap afbring in die vorm van 'n droogte, militêre neerlaag of 'n plaag. Dié daad is beskou as besoedeling van die land en vergelding was nodig om die land te reinig en God se wraak af te keer. Die gemeenskap is verantwoordelik om die inisiatief vir vergelding te neem om homself te beskerm, deur die oortreder dood te maak of te verban. Moderne kriminele reg ken nie dié kategorie nie.

In die laaste kategorie val afgodery, godslastering, miskenning van eiendom wat met die banvloek getref is, towery, ontering van die Sabbatdag, bloedskande, bestialiteit en homoseksualiteit.

## 3. 'n Studie van relevante tekste

### 3.1 Die verhaal van Sodom en Gomorra in Genesis 18-19

Genesis 18 vertel hoe Abraham, vader van Israel, drie besoekers kry wat aankondig dat Sara oor 'n jaar 'n seun sal hê. Hy word Isak genoem om sy ma se ongelowige gelag oor sy geboorte te herdenk.

Vers 17 verduidelik dat een van die mans JHWH self was en wat sê: "Abraham gaan 'n groot nasie word, en daarom gaan Ek nie vir hom wegsteek wat ek met Sodom en Gomorra gaan doen nie." Die Jahwis sê: "Die geroep teen Sodom en Gomorra is hard. Hulle sonde is baie groot! Ek wil gaan kyk sodat Ek kan weet of hulle ooreenkomstig die geroep wat tot by My gekom het, gehandel het of nie" (vers 20-21). Wanneer die drie mans by Lot en sy gesin oornag, sien hulle eerstehands hoe boos die stad is. Die mans van die stad, jonk en oud, het aan Lot se deur kom klop: "Waar is die mans wat vanaand na jou toe gekom het? Bring hulle uit na ons toe. Ons wil hulle ken." *Jada*, "om te ken", word gebruik om na geslagsgemeenskap te verwys. Die term word vier keer in die Pentateug gebruik as eufemisme om na geslagsgemeenskap te verwys – in Genesis 20:4 en Levitikus 18:14; 20:11, 21. Dat die term wel daarna verwys, word duidelik uit vers 8, as Lot noem dat sy dogters nog geen man "geken" het nie. Pogings om "ken" in vers 5 te verstaan as "ons wil hulle paspoorte ondersoek, ons wil kyk wie hulle is en vanwaar hulle kom" maak dus nie sin nie.

Die Septuaginta vertaal "ken" in vers 5 met *sungenōmetha*, wat "om bekend te word met, om kennis te maak met" kan beteken, maar ook heel dikwels met "om seksuele gemeenskap te hê met". So gebruik Xenofon, Plato, Herodotus, Epidaurus en Plutargos dit, asook die Septuaginta in Genesis 19:5 en 39:10 en die apokriewe Judit. Die rede waarom die Septuaginta-vertalers nie "ken" letterlik vertaal nie, is waarskynlik om die seksuele verwysing meer eksplisiet te maak as wat die Griekse *ginōskō* suggereer. "Ken" in vers 8 word vertaal met *egnosan*, wat duidelik na seksuele gedrag wys.

Die Kanaänitiese kultus van Baäl en Astarte was eroties en orgiasties van aard. Sodom is in Israel se Skriftradisie toonbeeld van hierdie morele verval. Bybelskrywers beskryf dié morele verval in verskillende terme. Jesaja noem die onregverdigheid van hulle regspraak (Jes. 1:10; 3:9). Esegiël beskryf Sodom wat "selftevrede en rustig in hoogmoed en oorvloed geleef het en vir die mens in nood en die arme niks oorgehad het nie" (Eseg. 16:49). Jeremia beskryf Sodom se morele verval as egbreuk, oneerlikheid en ongewilligheid om tot bekering te kom (Jer. 23:14). Die skrywer van Genesis 19 beskryf Sodom se gedrag as 'n skending van gasvryheid en seksuele promiskuïteit.

Die Sodomverhaal moet nie in isolasie gesien word nie – dit vorm deel van die Abrahamsage se belofte van 'n eie land en nageslag. Abraham wat vir Sodom intree, Sodom wat vernietig word en Lot en

sy dogters wat bloedskande pleeg, onderbreek die uitvoering van die belofte dat Abraham 'n nageslag sal hê. Elke episode vorm 'n bedreiging vir die vervulling van die belofte en het te doen met seksuele sonde en die straf daarop. Sodom se homoseksualiteit en die dogters van Lot se bloedskande lê, literêr gesproke, op een vlak.

## 3.2 Die Gibea-verhaal in Rigters 19

Die Sodom-sage herinner aan die gebeure waarvan Rigters 19 vertel. 'n Leviet se byvrou loop weg na haar pa se huis in Betlehem. Na sestien maande gaan haal haar man haar. Haar pa is duidelik bly om van sy dogter ontslae te raak en hou lank en intensief saam met sy skoonseun partytjie. Die paartjie kom so laat weg dat die son sak as hulle by Jebus verbygaan. Maar Jebus, die latere Jerusalem, behoort nog nie aan Israel nie. Daarom druk die geselskap deur tot by Gibea in Benjamin. Daar gekom, nooi niemand hulle vir kos en slaapplek nie, wat dadelik suggereer dat die mense van hierdie Israelitiese dorp nie van goeie inbors is nie. Laataand kom 'n ou man van die veld af en bied vir hulle huisvesting aan. Hulle eet en drink en net toe hulle begin vrolik raak, omsingel 'n klomp straatboewe van die stad die huis. Hulle eis van die ou man: "Bring uit die man wat in jou huis gekom het. Ons wil geslagsgemeenskap met hom hê" (Rigt. 19:22). Ook hier gebruik die skrywer *jada* om na geslagsgemeenskap te verwys. Die ou man se sin vir gasvryheid weerhou hom ook om die man uit te lewer: "Nee, vriende, moenie hierdie man kwaad aandoen nadat hy in my huis ingekom het nie. Julle moet hom nie so 'n lae ding aandoen nie. Hier is my dogter, sy is nog 'n maagd, en die man se byvrou. Ek sal hulle uitbring, verkrag hulle. Doen met hulle wat julle wil, maar moenie hierdie lae ding aan die man doen nie" (Rigt. 19:23-24). Die manne wil niks weet nie, maar die Leviet stoot sy byvrou uit. Hulle verinneweer haar die hele nag lank. Vroegoggend strompel sy huis toe en stort ineen by die drumpel. Die Leviet sny haar lyk in twaalf stukke op en stuur dit deur Israel. Die mense van Israel stem saam dat so iets nie ongestraf kan bly nie. Hulle roei die mans van die Benjaminstam uit.

Die Sodomvertelling gebruik die voorstelle vir homoseksuele gemeenskap as verduideliking van hoe boos Sodom is. Die Gibeavertelling demonstreer dat wrede verkragting nie ongestraf mag bly nie, maar dat homoseksuele kontak selfs méér as verkragting vermy moet word. Altans, dis die indruk wat die verhaal skep. Albei verhale speel af teen die agtergrond van Midde-Oosterse gasvryheidsgebruike, wat in alle omstandighede gerespekteer moes word.

### 3.3 Levitikus 18:22 en 20:13-23

Eintlik handel Numeri spesifiek oor die Leviete, terwyl Levitikus oor priesters se dienswerk handel. Maar vir Griekssprekende Jode van die ou tyd het "Levitikus" na *torat kohani'm* verwys: letterlik *instruksies vir* of *rituele van priesters*. Die boek bestaan uit twee dele: hoofstukke 1-16 handel oor die rol wat priesters in die erediens speel, spesifiek om reinigingsrites uit te voer, en hoofstukke 17-27 handel oor vereistes vir heiligheid. Die eerste deel is *tora vir* die priesters, en die tweede deel *tora deur* die priesters, gerig aan Israel.

Levitikus 15 demonstreer hoe belangrik seksuele gedrag in die onderskeid tussen rein en onrein was. 'n Onrein mens mag nie in JHWH se teenwoordigheid kom nie. "Julle moet die Israeliete streng laat hou by hierdie reinheidsvoorskrifte, anders sal hulle dalk my heiligdom wat by hulle is, ontwy. As dit gebeur, sal hulle sterwe" (vers 31).

In die heiligheidskode (Lev. 17-26) is 'n ongewone samehang van temas wat ontwikkel word. Daarin word konsekwent klem gelê op heiligheid as die doelstelling van Israel se bestaan. Hierdie boek bevat die belangrikste wetlike dokumente en bepalings wat relevant is vir die lewe van die Israelitiese gemeenskap. Hoofstuk 18 en 20 is tot 'n mate herhalend. Navorsers stem saam dat hoofstuk 18 die primêre dokument is, wat apodikties of met groot stelligheid geformuleer is. Hoofstuk 20 is kasuïsties, met die byvoeging van wetlike strawwe. Die inleiding tot hoofstuk 18 motiveer die wetgewing, deur Israel aan te moedig om die sondes van Egipte te vermy, die land wat hulle pas verlaat het, asook die sondes van die Kanaäniete, die land waarheen hulle op pad is. Die refrein in hoofstuk 18 is: "Ek is JHWH". Die refrein in hoofstuk 20 is: "Hulle verdien die dood".

Levitikus 18:22 bepaal: "Jy mag nie by 'n man op 'n bed lê soos by 'n vrou nie. Dit is 'n gruwel." Die woord wat vir "man" gebruik word, *zāgār*, word spesifiek vir 'n besnyde man gebruik. "Gruwel" is *to'ēwā*, wat op twee maniere verstaan kan word. In rituele sin verwys dit na offers wat JHWH nie aanstaan nie en verskeie dade wat deur JHWH verbied word, waaronder die offer van kinders en voorwerpe wat met afgodery te doen het. In etiese sin verwys dit na onkuisheid en onkuise gedrag. Die twee mag egter nie van mekaar geskei word nie. Die etiese daad wat 'n gruwel is, maak die mens voor God kulties onrein.

Interessant genoeg gebruik Esegiël 16 in die vergelyking van Sodom met Juda die term *to'ēwā* tien maal om Sodom en Juda se "gruweldade" te beskryf. Die Septuaginta gebruik konsekwent *bdelugma*, ook in Levitikus 18:22 en 20:13.

Levitikus 20:13 bepaal: "As 'n man op 'n bed saam met 'n ander man lê soos met 'n vrou, het altwee van hulle 'n gruwel gepleeg. Hulle moet doodgemaak word. Hulle bloed is op hulle." Die woord vir die eerste man is *ish*, wat gebruik word om die verskil tussen mans en vrouens aan te dui. Die tweede is *zāgār*, wat spesifiek na 'n besnyde man verwys. "Bloed" word hier in die sin van skuld aan 'n geweldsmisdaad gebruik, vir bloedskuldigheid. Hulle skuld is op hulle eie koppe. Hulle is die oorsaak van hulle eie dood.

Die term *to'ewa* kom ses keer in hoofstuk 18 en een keer in hoofstuk 20 voor. Die enigste sonde waaraan dit gekoppel word, is homoseksualiteit.

Tussen die twee hoofstukke staan die belangrike hoofstuk 19 met sy bevel: "Praat met die hele gemeente Israel en sê vir hulle: Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig" (vers 2). So kom die temas van reinheid en heiligheid bymekaar uit. Die *tora* se doel is om Israel te leer om heilig te lewe, sodat hulle in reinheid voor JHWH mag verskyn.

Het die heiligheidskode se bepalings universele geldigheid? Ja, om drie redes:

- Levitikus 18 is in die vorm van 'n verbondskontrak net soos Eksodus 20 en Deuteronomium 5.
- Die orde van wette in die beginsels van sosiale moraliteit stel die huwelik primêr as die hoeksteen van die samelewing.
- Die doodstraf as straf toon aan dat die wetgewing wat hierin vervat is moreel en universeel van aard is.

Levitikus 18:20 skryf 'n tweede straf voor vir iemand wat hierdie sondes pleeg: hy sal van sy volksgenote afgesny word. Die gebruik in die Ou Nabye Ooste toon aan dat die *karet*-straf 'n goddelike vloek was wat die sondaar en sy nageslag uitwis. Die vloek sou daartoe lei dat die persoon vroeg of kinderloos sterf of selfs doodgemaak word. Later het die rabbyne dit geïnterpreteer as dat die sondaar sy plek in die hiernamaals verbeur.

## 3.4 Verwysings na tempelprostitute

’n Verwysing na homoseksualiteit kom ook voor as die Ou Testament na tempelprostitusie verwys. Asa (1 Kon. 15:12) en Josafat (1 Kon. 22:46) het tempelprostitusie hokgeslaan wat sedert Rehabeam se tyd floreer het (1 Kon. 14:24). Josia volg ook in die tradisie (2 Kon. 23:7) en Job 36:14 verwys ook na kultusprostitute.

Was die kultusprostitute homoseksueel? 1 Konings 14:24 meld dat daar in Israel manlike tempelprostitute was wat al die “gruwels” van die nasies herhaal het. Die term *to’ewa* of die Griekse *bdelugma* word gebruik – dit is uit die konteks van Levitikus se verbod op homoseksualiteit bekend. Deuteronomium 23:17-18 lui: “Geen Israelitiese man of vrou mag ’n tempelprostituut word nie. Jy mag nie die huurgeld van ’n vroulike prostituut of die prys van ’n hond in die huis van JHWH jou God bring om enige gelofte te betaal nie, want JHWH jou God verafsku dit.” Die term vir “tempelprostituut” is *qādēš.* Interessant genoeg gee Aquila die Griekse weergawe van *qādēš* hier weer as *endiellagmenoi*, “veranderde van geslag”. Die Grieke het ook na hulle verwys as honde. Die Grieke het *qādēs* ’n *kinaidos* genoem – ’n manlike kultusprostituut wat sodomie of pederastie pleeg. Manlike tempelprostitute verwys na homoseksueles.

Manlike aanbidders kon dus by die tempel deelneem aan vrugbaarheidsritusse deur van vroulike of manlike prostitute gebruik te maak. Vroue het in elk geval in die Ou Nabye Ooste baie min godsdienstige regte gehad en nie eens toegang tot heiligdomme geniet nie. Manlike kultusprostitute was dus homoseksueel.

## 3.5 In Judaïsme

Talle verwysings na homoseksualiteit kom in die intertestamentêre periode voor. Joodse veroordeling van homoseksuele praktyke het meer uitgebreid asook meer uitgesproke geraak.

Die belangrikste verwysings is die volgende: Die apokriewe Wysheid van Jesus ben-Sirag (ongeveer 180 v.C. in Hebreeus geskryf) meld dat JHWH nie die mense tussen wie Lot gebly het, gespaar het nie oor hulle trots of arrogansie. Die Wysheid van Salomo (ongeveer die middel van die eerste eeu v.C.) verwys na Sodom se “verwarring van geslag, wanorde in gesinne, egbreuk en wellustigheid”. In dieselfde tradisie verwys die pseudepigrafiese Testament van Naftali na “Sodom, wat die orde van die natuur verander/omgedraai het” en voeg by: “Maar God het alles in hulle orde gemaak.” In die Slawiese Henog sien die skrywer die plek waar mense bly wat God

nie verheerlik het nie: "hulle het op aarde die sonde beoefen wat teen die natuur is, wat met kinders gemeenskap in die anus het, op die wyse van Sodom". Elders verwys dit ook na Sodom se ontugtiges, waar vriend met vriend anaal gemeenskap het. In die Brief van Aristeas, wat oor die ontstaan van die Septuaginta handel, kontrasteer die skrywer Jode met ander mense: "Die meerderheid mans besoedel hulleself in hulle verhoudings, en pleeg 'n ernstige misdaad, en lande en stede is trots daarop: hulle skaf nie net vir hulle mans aan nie, maar besoedel ook moeders en dogters. Ons sny ons af van hierdie praktyke." Die gedagte van heiligheid kom duidelik na vore.

In die Misjna se *Sanhedrin* 7:1-9:1 word steniging as doodstraf voorgeskryf vir bloedskande, bestialiteit, homoseksualiteit en afgodediens. Homoseksualiteit word oor een kam geskeer met afgodediens en die vorm van straf is selfs erger as vir moord.

## 4. Geldigheid van Ou-Testamentiese eties-rituele uitsprake vir moderne Christengelowiges

Die laaste vraag wat gestel moet word is hoe geldig Ou-Testamentiese eties-rituele wette oor homoseksualiteit vir moderne gelowiges is. Het Ou-Testamentiese tekste wat homoseksualiteit verbied slegs relevansie vir Ou-Testamentiese Jode?

Op 14 Desember 2004 skryf Adrio König in *Beeld* se rubriek, *Seepkis*, dat dit by die skepping van die mens oor die gewone, die normale gaan. Die uitsonderlike word nie bespreek nie. As ons volgens König die Bybel ernstiger wil opneem oor *gay*skap, sal ons voorsiening moet maak dat die uitsonderlike, homoseksualiteit, nie deel van die skeppingsverhaal was nie, maar steeds heel toelaatbaar vir ons is.

Hy maak ook die stelling: "Verder weet ons darem lankal dat ons nie alles in Levitikus deesdae net so kan toepas nie." Hy meld dat op dieselfde bladsy wat homoseksualiteit verbied, mans ook verbied word om die wangbaard af te skeer of klere van verskillende soorte materiaal aan te trek.

Sakkie Spangenberg skryf in dieselfde trant in die tydskrif van die Nuwe Hervormers, *Kantaantekeninge*, dat ons selektief tekste kies wat ons voorafingenome standpunt pas as ons nie alle ander tekste oor dieselfde kam skeer nie.

’n Verdere argument is dat *homoseksualiteit* ’n resente begrip is, terwyl die antieke mense anders oor seksualiteit gedink het. Hulle veroordeel wat ons *homoseksualiteit* noem, omdat seks tot lewe lei en homoseksuele praktyke daardie lewe die lig ontsê.

’n Derde argument is dat Levitikus se ideologie slegs ’n spesifieke groep se belange gedien het, die Levitiese priesters wat tydens die Babiloniese ballingskap die Joodse samelewing langs die lyne van rein en onrein gestruktureer het. Die onderskeid tussen rein en onrein het tot ’n hiërargiese struktuur gelei en Jesus se hele bediening was juis daarop gemik om dié struktuur ongeldig te bewys en die ideologie af te takel.

Ek meen die *tora* het ontstaan om ’n lewenswyse te beskryf wat in ooreenstemming met God se wil is. Die bepalings en regulasies van die *tora* was bedoel as riglyne oor hoe Israeliete hulle lewe kon en moes inrig, sodat elke aspek van hulle lewe – ritueel-kulties, sosiaal, moreel-eties en ekonomies – in ooreenstemming met God se wil kan staan. Die Jahwis verduidelik in die tweede skeppingsverhaal dat boosheid juis ontstaan as mense weier om hulle lewe in ooreenstemming met JHWH se vereistes te bring. Hieruit ontstaan die klem op JHWH se *mišpāt* (geregtigheid).

Om te sê dat Israel se God Skepper van die heelal is, impliseer dat sy regering universeel is. Amos is die eerste klassieke profeet wat God se universele woord bekend maak, wat ook ander nasies insluit. Dié tema kom herhaaldelik by die profete voor. Daarom verwoes God ook Sodom en Gomorra, stede wat buite sy verbond val.

Israel se bure het ook hulle gode as die bron van geregtigheid beskou. Die verskil tussen Israel en sy bure lê daarin dat Israel klem op sy God se heiligheid lê – dié God wat eise aan die mens stel wat in sy teenwoordigheid kom – en die verbond wat God met sy mense sluit. In die verbondskode (Eks. 20:22-33) bepaal God dat Israeliete in twee tipes verhoudings moet leef: die vertikale verhouding, wat vereis dat God se mense getrou aan Hom bly en sy *tora* gehoorsaam, asook die horisontale verhouding, wat tot vrede tussen Israeliete moet lei, deur die oorsake van spanning te verwyder. Wetgewing oor seksuele gedrag funksioneer tussen dié twee verhoudings.

Om soos König en Spangenberg te beweer dat alle mosaïese wetgewing op dieselfde vlak lê, grens aan die absurde. Die onderskeid tussen ’n *kultuur*gebonde verbod om twee soorte

materiaal gelyk aan te trek of die wangbaard te skeer en 'n *morele* verbod op homoseksuele praktyke is tog duidelik. Daar is tog duidelik 'n onderskeid tussen kultiese wette wat die Ou-Testamentiese offerdiens bepaal en morele wette wat seksuele gedrag bepaal.

Die hart van die probleem word opgesom in die ontstellende aanhaling wat Spangenberg uit 'n boek van Robin Scroggs maak: "In public discussion the Bible must be discussed as a human document from the past and our dialogue with it seen as a human process of the present. The Bible has no 'legal' authority to determine our 'now'." Die vraag ontstaan: mag/moet 'n mens jou eie definisie van reinheid en heiligheid skep waarmee jy in die teenwoordigheid van God kom? Moet 'n mens jou eie Bybel skryf? Kan ons sê dat die Bybel die normale beskryf, maar dat die uitsonderlike ewe toelaatbaar is, omdat óns dit so bepaal, soos König met die skeppingsnarratief doen?

Om Levitiese wetgewing as ideologies van aard te beskryf en wat deur Jesus op sy kop gedraai is, is myns insiens 'n teorie wat nie eens die moeite werd is om bespreek te word nie.

## 5. Sintese

Indien gelowiges die Ou Testament ernstig opneem as openbaring van God, wat steeds geldig is om ons leer en lewe te bepaal, het hulle nie 'n ander keuse as om homoseksualiteit in dieselfde terme as die Ou Testament te beskryf nie: as 'n daad wat die mens onrein en onheilig maak en dus diskwalifiseer om in God se teenwoordigheid te kom en wat tot bloedskuld lei. Indien dit nie deur die samelewing gestraf word nie, sal God se oordeel daarop rus en sal die samelewing nie sy seën ervaar nie.

**Kernbegrippe:**

heiligheid
homoseksualiteit
reinheid
tempelprostitusie

**Key concepts:**

holiness
homosexuality
purity
temple prostitution